- Indien u meningioom het, of al ooit met 'n meningioom gediagnoseer is ('n gewas van die weefsellaag tussen die brein en die skedel, wat oor die algemeen nie-kwaadaardig is).
- Indien u enige onverklaarbare bloeding uit die vagina het.
- Indien u swanger is, of dink u is dalk swanger.

Indien enige van hierdie toestande vir die eerste keer voorkom tydens die gebruik van ZOELY, staak dit dadelik en lig u dokter in. Gebruik intussen 'n nie-hormonale voorbehoedmiddel. Sien ook 'Algemene aantekeninge' in afdeling 2 hieronder.

Waarskuwings en voorsorgmaatreëls

Algemene aantekeninge

Voordat u begin om ZOELY te neem, moet u die inligting oor bloedklonte (trombose) in afdeling 2 lees. Dit is veral belangrik om te lees van die simptome van 'n bloedklont – sien afdeling 'Bloedklonte'.

Voordat u ZOELY kan begin neem, sal u dokter u 'n paar vrae vra oor u persoonlike gesondheidsgeskiedenis en dié van u naasbestaandes. Die dokter sal ook u bloeddruk meet en, afhangende van u persoonlike situasie, ook 'n paar ander toetse uitvoer.

In hierdie biljet word verskeie situasies beskryf waar u ZOELY moet staak, of waar die betroubaarheid van ZOELY verlaag kan word. In sulke situasies moet u nie seksuele omgang hê nie, of u moet ekstra nie-hormonale voorbehoedmaatreëls tref, byvoorbeeld 'n kondoom of 'n ander versperringsmetode gebruik. Moenie ritme- of temperatuurmetodes gebruik nie. Hierdie metodes kan onbetroubaar wees, omdat ZOELY die gewone veranderinge in temperatuur en servikale slym wat tydens die menstruele siklus voorkom, verander.

Belangrike dinge om te weet oor gekombineerde hormonale voorbehoedmiddels (GHVs):

- Dit is een van die mees betroubare omkeerbare metodes van voorbehoeding, indien dit korrek gebruik word.
- Dit verhoog die risiko van 'n bloedklont in die are en slagare, veral in die eerste jaar, of wanneer 'n gekombineerde hormonale voorbehoedmiddel weer gebruik word na 'n onderbreking van 4 of meer weke.
- Wees asseblief waaksaam en spreek u dokter indien u dink u kan simptome van 'n bloedklont hê (sien afdeling 'Bloedklonte').

Raadpleeg u dokter of apteker voordat u ZOELY neem.

Wanneer moet u u dokter kontak?

Soek dringende mediese hulp:

- Indien u moontlike tekens van 'n bloedklont opmerk, wat kan beteken dat u ly aan 'n bloedklont in die been (d.w.s. diep-veneuse trombose), 'n bloedklont in die long (d.w.s. long-embolus), 'n hartaanval of 'n beroerte (sien 'Bloedklonte' afdeling hieronder). Vir 'n beskrywing van die simptome van hierdie ernstige newe-effekte, gaan asseblief na 'Hoe om 'n bloedklont te herken'.
- Indien u enige veranderinge in u eie gesondheid opmerk, veral met betrekking tot enige van die items wat in hierdie biljet genoem word (sien ook in afdeling 2 'Moenie ZOELY neem nie'; moenie vergeet van die veranderinge in die gesondheid van u onmiddellike familie nie).
- Indien u 'n knop in u bors voel.
- Indien u simptome van angio-edeem ervaar, soos geswelde gesig, tong en/of keel en/of

sukkel om te sluk, of galbulte tesame met moeilike asemhaling.
- Indien u ander medisyne gaan gebruik (sien ook in afdeling 2 'Ander medisyne en ZOELY').
- Indien u geïmmobiliseer gaan word of 'n operasie moet ondergaan (lig u dokter ten minste vier weke voor die tyd in).
- Indien u ongewone, swaar vaginale bloeding het.
- Indien u een of meer tablette in die eerste week van die stulpverpakking vergeet het en onbeskermde seks gehad het in die sewe dae vantevore (sien ook in afdeling 3 'Indien u vergeet om ZOELY te neem').
- Indien u erge diarree het, of erge braking ervaar.
- Indien u menstruasie oorslaan en vermoed dat u dalk swanger is (moenie met die volgende stulpverpakking begin voordat u dokter u so ingelig het nie, sien ook in afdeling 3 'Indien u een of meer menstruasies gemis het').

ZOELY beskerm u nie teen MIV-infeksies (VIGS) of enige ander seksueel-oordraagbare siekte nie.

Lig u dokter in indien enige van die volgende toestande op u van toepassing is.
Indien hierdie toestand ontwikkel, of dit erger word terwyl u ZOELY neem, moet u u dokter inlig.
- Indien u oorerflike en verworwe angio-edeem het. Raadpleeg u dokter onmiddellik indien u simptome van angio-edeem ervaar soos geswelde gesig, lippe, tong en/of keel en/of slukprobleme of galbulte, tesame met asemhalingsprobleme. Produkte wat estrogene bevat, soos ZOELY, kan simptome veroorsaak of vererger.
- Indien 'n nabye familielid borskanker het, of ooit gehad het.
- Indien u epilepsie het (sien 'Ander medisyne en ZOELY').
- Indien u lewersiekte (byvoorbeeld geelsug) of galblaassiekte (byvoorbeeld galstene) het.
- Indien u diabetes het.
- Indien u depressie het.
- Indien u Crohn se siekte of ulseratiewe kolitis (chroniese inflammatoriese dermsiekte) het.
- Indien u sistemiese eritemateuse lupus (SLE; 'n siekte wat u natuurlike verdedigingstelsel beïnvloed) het.
- Indien u hemolitiese uremiese sindroom het (HUS; 'n versteuring van bloedstolling wat versaking van die niere veroorsaak).
- Indien u sekelselsiekte het ('n oorerflike siekte van die rooibloedselle).
- Indien u verhoogde vetsuurvlakke in u bloed het (hipertrigliseridemie) of 'n positiewe familiegeskiedenis vir hierdie toestand (familiale hipertrigliseridemie). Indien wel, kan u 'n verhoogde risiko hê om pankreatitis (inflammasie van die pankreas) te ontwikkel wanneer u ZOELY neem.
- Indien u 'n toestand het wat vir die eerste keer voorgekom het, of vererger het tydens swangerskap of vorige gebruik van vroulike hormone, bv. gehoorverlies, porfirie ('n siekte van die bloed), *herpes gestationis* (veluitslag met blasies tydens swangerskap), Sydenham se chorea ('n siekte van die senuwees waarin skielike bewegings van die liggaam voorkom).
- Indien u chloasma (geelbruin pigmentkolle) het, of al ooit gehad het, sogenaamde 'swangerskapkolle', veral op die gesig. Indien wel, vermy te veel blootstelling aan die son of ultravioletlig.
- Indien u pas geboorte geskenk het, het u 'n groter risiko vir bloedklonte. U moet u dokter vra hoe gou na bevalling u kan begin met ZOELY (sien 'Bloedklonte').
- Indien u 'n operasie nodig het, of indien u vir 'n lang tyd van u voete af is (sien 'Bloedklonte').
- Indien u inflammasie in die are onder die vel het (oppervlakkige tromboflebitis).
- Indien u spatare het.

BLOEDKLONTE
Die gebruik van 'n gekombineerde hormonale voorbehoedmiddel soos ZOELY verhoog u risiko om 'n bloedklont te ontwikkel, in vergelyking met wanneer u nie een gebruik nie. In seldsame gevalle kan 'n bloedklont bloedvate blokkeer en ernstige probleme veroorsaak.

Bloedklonte kan ontwikkel:
- in are (word genoem 'n 'veneuse trombose', 'veneuse trombo-embolus' of VTE)
- in die slagare (word genoem 'n 'arteriële trombose', 'arteriële trombo-embolus' of ATE).

Herstel van bloedklonte is nie altyd volledig nie. Daar kan ernstige blywende gevolge wees of dit kan dodelik wees.

Dit is belangrik om te onthou dat die algehele risiko van 'n skadelike bloedklont as gevolg van ZOELY klein is.

HOE OM 'N BLOEDKLONT TE HERKEN
Soek dringende mediese hulp indien u enige van die volgende tekens of simptome opmerk.

Ervaar u enige van hierdie tekens?	**Waaraan ly u moontlik?**
• swelling van een been of langs 'n aar in die been of voet, veral wanneer dit gepaard gaan met: - pyn of teerheid in die been wat slegs gevoel kan word wanneer u staan of loop - verhoogde warmte in die aangetaste been - verandering in kleur van die vel op die been, bv. verbleking of verkleur na rooi of blou	Diep veneuse trombose
• skielike onverklaarbare kortasem of vinnige asemhaling • skielike hoes sonder 'n ooglopende oorsaak, wat bloed kan opbring • skerp borspyn wat kan toeneem met diep asemhaling • erge lighoofdigheid of duiseligheid • vinnige of onreëlmatige hartklop • erge pyn in u maag Indien u onseker is, raadpleeg 'n dokter, aangesien sommige van hierdie simptome soos hoes of kortasem verwar kan word met 'n ligter toestand soos 'n lugweginfeksie (bv. 'n 'verkoue').	Pulmonale embolus
simptome wat meestal in een oog voorkom: • onmiddellike verlies van visie of • pynlose vervaging van visie wat kan vorder tot verlies van visie	Retinale aartrombose (bloedklont in die oog)
• borspyn, ongemak, drukking, swaar-gevoel • sensasie van drukking of volheid in die bors, arm of onder die borsbeen • gevoel van volheid, slegte spysvertering of verstikkende gevoel • ongemak in die bolyf wat na die rug, kakebeen, keel, arm en maag uitstraal • sweet, naarheid, braking of duiseligheid • uiterste swakheid, angs of kortasem • vinnige of onreëlmatige hartklop	Hartaanval
• skielike swakheid of gevoelloosheid van die gesig, arm of been, veral aan die een kant van die liggaam	Beroerte

• skielike verwarring, probleme om te praat of te verstaan • skielike probleme om met een of albei oë te sien • skielike probleme om te loop, duiseligheid, verlies aan balans of koördinasie • skielike, erge of langdurige hoofpyn sonder bekende oorsaak • verlies van bewussyn of floute met of sonder stuipaanval Soms kan die simptome van beroerte kortstondig wees met 'n byna onmiddellike en volledige herstel, maar u moet steeds dringende mediese hulp soek, aangesien u die risiko van nog 'n beroerte kan hê.	
• swelling en effense blou verkleuring van 'n ledemaat • erge pyn in u maag (akute buik)	Bloedklonte wat ander bloedvate blokkeer

BLOEDKLONTE IN 'N AAR

Wat kan gebeur indien 'n bloedklont in 'n aar vorm?

- Die gebruik van gekombineerde hormonale voorbehoedmiddels is verbind met 'n toename in die risiko van bloedklonte in die aar (veneuse trombose). Hierdie newe-effekte is egter skaars. Dikwels kom hulle voor in die eerste jaar van gebruik van 'n gekombineerde hormonale voorbehoedmiddel.
- Indien 'n bloedklont in 'n aar in die been of voet vorm, kan dit 'n diep-veneuse trombose (DVT) veroorsaak.
- Indien 'n bloedklont van die been af beweeg en in die long sit, kan dit 'n long-embolus veroorsaak.
- Baie selde kan 'n klont in 'n aar in 'n ander orgaan, soos die oog, vorm (retinale aartrombose).

Wanneer is die risiko om 'n bloedklont in 'n aar te ontwikkel, die hoogste?

Die risiko om 'n bloedklont in 'n aar te ontwikkel, is die hoogste gedurende die eerste jaar met die eerste gebruik van ‘n gekombineerde hormonale voorbehoedmiddel. Die risiko kan ook hoër wees indien u na 'n pouse van 4 weke of langer weer 'n gekombineerde hormonale voorbehoedmiddel (dieselfde produk of 'n ander produk) neem.

Na die eerste jaar word die risiko kleiner, maar is altyd effens hoër as wanneer u nie 'n gekombineerde hormonale voorbehoedmiddel gebruik nie.

Wanneer u ZOELY staak, keer u risiko van 'n bloedklont binne 'n paar weke terug na normaal.

Wat is die risiko om 'n bloedklont te ontwikkel?

Die risiko hang af van u natuurlike risiko van VTE en die tipe gekombineerde hormonale voorbehoedmiddel wat u neem.

Die algehele risiko van 'n bloedklont in die been of long (DVT of LE) met ZOELY is klein.

- Uit 10 000 vroue wat geen gekombineerde hormonale voorbehoedmiddel gebruik nie en nie swanger is nie, sal ongeveer 2 binne 'n jaar 'n bloedklont ontwikkel.
- Uit 10 000 vroue wat 'n gekombineerde hormonale voorbehoedmiddel gebruik wat levonorgestrel, noretisteroon of norgestimaat bevat, sal ongeveer 5-7 'n bloedklont binne 'n jaar ontwikkel.
- Die risiko van 'n bloedklont met ZOELY vergelyk met die risiko met 'n gekombineerde hormonale voorbehoedmiddel wat levonorgestrel bevat.
- Die risiko om 'n bloedklont te kry, sal wissel volgens u persoonlike mediese geskiedenis (sien 'Faktore wat u risiko van 'n bloedklont verhoog' hieronder).

	Risiko om 'n bloedklont binne 'n jaar te ontwikkel
Vroue wat **nie** 'n gekombineerde hormonale pil gebruik nie en nie swanger is nie	Ongeveer 2 uit 10 000 vroue
Vroue wat 'n gekombineerde hormonale voorbehoedpil gebruik wat **levonorgestrel, noretisteroon of norgestimaat** bevat	Ongeveer 5-7 uit 10 000 vroue
Vroue wat ZOELY gebruik	Ongeveer dieselfde as met ander gekombineerde hormonale voorbehoedmiddels, insluitend voorbehoedmiddels wat levonorgestrel bevat

Faktore wat u risiko van 'n bloedklont in 'n aar verhoog
Die risiko van 'n bloedklont met ZOELY is klein, maar sommige toestande sal die risiko verhoog. U risiko is hoër:
- indien u baie oorgewig is (liggaamsmassa-indeks of BMI van meer as 30 kg/m^2).
- indien een van u naasbestaandes op 'n jong ouderdom 'n bloedklont in die been, long of ander orgaan gehad het (bv. onder die ouderdom van ongeveer 50 jaar). In hierdie geval kan u 'n oorerflike bloedstollingsversteuring hê.
- indien u 'n operasie moet ondergaan, of indien u vir 'n lang tyd van u voete af is weens 'n besering of siekte, of u het u been in gips. Indien dit op u van toepassing is, is dit belangrik om u dokter in te lig dat u ZOELY gebruik, aangesien die behandeling dalk gestaak moet word. U dokter kan u inlig om op te hou om u hormonale voorbehoeding 'n paar weke voor die operasie te gebruik, of terwyl u minder beweeglik is. U dokter sal u ook inlig wanneer u weer kan begin om ZOELY te gebruik nadat u in staat is om rond te beweeg (sien 'Moenie ZOELY gebruik nie').
- soos u ouer word (veral bo ongeveer 35 jaar)
- indien u minder as 'n paar weke gelede geboorte gegee het.

Die risiko om 'n bloedklont te ontwikkel, neem toe hoe meer toestande u het.

Lugreise (vir langer as 4 uur) kan u risiko van 'n bloedklont tydelik verhoog, veral indien u van die ander faktore wat gelys is, het.
Dit is belangrik om u dokter in te lig indien enige van hierdie toestande op u van toepassing is, selfs al is u onseker. U dokter kan besluit dat ZOELY gestaak moet word.

Indien enige van die bogenoemde toestande verander terwyl u ZOELY gebruik, byvoorbeeld 'n nabye familielid het 'n trombose sonder bekende rede of u tel baie gewig op, lig u dokter in.

BLOEDKLONTE IN 'N SLAGAAR
Wat kan gebeur indien 'n bloedklont in 'n slagaar vorm?
Soos 'n bloedklont in 'n aar, kan 'n klont in 'n slagaar ernstige probleme veroorsaak. Dit kan byvoorbeeld 'n hartaanval of 'n beroerte veroorsaak.

Faktore wat u risiko van 'n bloedklont in 'n slagaar verhoog
Dit is belangrik om daarop te let dat die risiko van 'n hartaanval of beroerte as gevolg van die gebruik van ZOELY baie klein is, maar kan toeneem:
- met toenemende ouderdom (ouer as ongeveer 35 jaar).
- indien u rook. Wanneer u 'n gekombineerde hormonale voorbehoedmiddel soos ZOELY gebruik, word u sterk aangeraai om op te hou rook. Indien u nie kan ophou rook nie en ouer as 35 jaar is, kan u dokter u aanraai om 'n ander tipe voorbehoedmiddel te gebruik.
- indien u oorgewig is.

- indien u hoë bloeddruk het.
- indien 'n nabye familielid op 'n jong ouderdom (jonger as ongeveer 50 jaar) 'n hartaanval of beroerte gehad het. In hierdie geval kan u ook 'n groter risiko hê om 'n hartaanval of beroerte te kry.
- indien u, of iemand in u onmiddellike familie, 'n hoë vlak van vet in die bloed het (cholesterol of trigliseriede).
- Indien u migraine kry, veral migraine met aura.
- indien u 'n probleem met u hart het (klepversteuring, versteuring van die ritme wat arteriële fibrillasie genoem word).
- indien u diabetes het.

Indien u meer as een van hierdie toestande het, of indien enige van hulle besonder ernstig is, kan die risiko om 'n bloedklont te ontwikkel selfs meer verhoog word.

Indien enige van die bogenoemde toestande verander terwyl u ZOELY neem, byvoorbeeld, u begin rook, 'n nabye familielid ervaar 'n trombose sonder bekende rede of u tel baie gewig op, lig u dokter in.

Kanker
In studies met die gekombineerde Pil, is borskanker effens meer gereeld gevind by vroue wat gekombineerde pille, soos ZOELY gebruik, maar dit is nie bekend of dit deur die behandeling self veroorsaak word nie. Die verhoogde voorkoms van borskanker word geleidelik minder nadat die gekombineerde pil gestaak is, sodat die verhoogde risiko 10 jaar na die staking verdwyn het.

In die addisionele studie wat beide orale en nie-orale hormonale voorbehoedmiddels ingesluit het, is aangemeld dat die voorkoms van borskanker toeneem hoe langer die vroue die voorbehoedmiddel gebruik het. Die verskil in die aangemelde risiko van borskanker tussen vroue wat nog nooit die voorbehoedmiddel gebruik het nie, en diegene wat die voorbehoedmiddel gebruik het, was klein: 13 bykomende gevalle van borskanker per 100 000 vrouejare.

Dit is belangrik om gereeld u borste te ondersoek, en u moet u dokter kontak indien u enige knop voel. U moet ook u dokter inlig indien 'n nabye familielid borskanker het, of ooit gehad het (sien 'Waarskuwings en voorsorgmaatreëls').

Nie-kwaadaardige (nie-kankeragtige) lewergewasse, en in nog minder gevalle, kwaadaardige (kankeragtige) lewergewasse is by pilgebruikers aangemeld. Kontak u dokter indien u ongewone erge buikpyn het.

Daar is aangemeld dat servikale kanker meer gereeld voorkom by vroue wat gekombineerde orale voorbehoedmiddels soos ZOELY vir 'n lang tyd gebruik.

Meningiome
Die gebruik van nomegestrolasetaat, soos vervat in ZOELY, is verbind aan die ontwikkeling van gewasse van die weefsellaag tussen die brein en die skedel (meningioom) wat oor die algemeen nie-kwaadaardig nie. Die risiko neem toe, veral wanneer u dit teen hoë dosisse vir langer duur ('n paar jaar) gebruik. Indien u met meningioom gediagnoseer word, sal u dokter u behandeling met ZOELY staak (sien afdeling 'Moenie ZOELY gebruik nie'). Indien u enige simptome opmerk soos veranderinge in visie (bv. sien dubbel of vaagheid), gehoorverlies of gelui in die ore, reukverlies, hoofpyn wat mettertyd vererger, geheueverlies, stuipaanvalle, swakheid in u arms of bene, moet u dadelik u dokter inlig.

Psigiatriese afwykings
Sommige vroue wat hormonale voorbehoedmiddels gebruik, insluitend ZOELY, het depressie of depressiewe bui aangemeld. Depressie kan ernstig wees en kan soms tot selfdood-gedagtes lei. Indien u gemoedsveranderinge en depressiewe simptome ervaar, kontak u dokter vir verdere mediese advies so gou as moontlik.

Laboratorium toetse
Indien u enige bloed- of urientoetse ondergaan, lig u dokter in dat u ZOELY gebruik, aangesien dit die resultate van sommige toetse kan beïnvloed.

Kinders en adolessente
Geen data oor doeltreffendheid en veiligheid is beskikbaar by adolessente jonger as 18 jaar nie.

Ander medisyne en ZOELY
Lig altyd u gesondheidsorgverskaffer in indien u enige ander medisyne neem. (Dit sluit komplementêre of tradisionele medisyne in). Hulle kan u inlig of u addisionele voorbehoed-maatreëls moet tref (versperringsmetode) en, indien wel, vir hoe lank.

Sommige medisyne kan spesifieke probleme veroorsaak wanneer u gekombineerde hormonale voorbehoedmiddels gebruik, soos ZOELY.

- Daar is medisyne wat ZOELY minder effektief kan maak om swangerskap te voorkom, of onverwagte bloeding kan veroorsaak. Dit sluit medisyne in wat gebruik word om die volgende te behandel:
  - epilepsie (bv. primidoon, fenitoïen, fenobarbitaal, karbamasepien, okskarbamasepien, topiramaat, felbamaat).
  - MIV-infeksies (bv. ritonavir, nevirapien, nelfinavir, efavirens).
  - Hepatitis C-virus (HCV) infeksie (bv. boseprevir, telaprevir).
  - tuberkulose (bv. rifampisien).
  - swaminfeksies (bv. griseofulvien).
  - hoë bloeddruk in die bloedvate in die longe (bosentaan).
  - die kruieproduk “St. John’s Wort” kan ook keer dat ZOELY behoorlik werk. Indien u kruieprodukte wil gebruik wat “St John's Wort” bevat terwyl u reeds ZOELY gebruik, moet u eers u dokter raadpleeg.
- Indien u medisyne of kruieprodukte neem wat ZOELY minder effektief kan maak, moet 'n versperringsvoorbehoedmetode bykomend tot ZOELY gebruik word. Aangesien die effek van 'n ander medisyne op ZOELY tot 28 dae kan duur nadat die medisyne gestaak is, is dit nodig om die addisionele versperringsvoorbehoedmetode vir dieselfde tydperk te gebruik.
- Sommige medisyne kan die vlakke van die aktiewe bestanddele van ZOELY in die bloed verhoog. Lig u dokter in indien u antiswam-medisyne soos ketokonasool of itrakonasool gebruik.
- ZOELY kan ook inmeng met die werking van ander medisyne soos siklosporien en die anti-epileptiese medisyne, lamotrigien.
- die HCV-kombinasie medisynereekse ombitasvir/paritaprevir/ritonavir en dasabuvir met of sonder ribavirien, glekaprevir/pibrentasvir of sofosbuvir/velpatasvir/voksilaprevir kan toenames in lewerfunksie bloedtoetsresultate (toename in ALT-lewerensiem) veroorsaak by vroue wat GHVs gebruik wat etinielestradiool bevat. ZOELY bevat estradiool in plaas van etinielestradiool. Dit is nie bekend of 'n toename in ALT-lewerensiem kan voorkom wanneer ZOELY saam met hierdie HCV-kombinasiemedisyne gebruik word nie. U dokter sal u adviseer.

Swangerskap en borsvoeding
ZOELY moet nie gebruik word deur vroue wat swanger is, of wat dink dat hulle swanger kan wees nie. Indien u swanger raak terwyl u ZOELY gebruik, moet u ZOELY staak en u dokter kontak.

U moet nie ZOELY gebruik indien u u baba borsvoed nie.

Indien u swanger is of borsvoed, dink u is dalk swanger of van plan is om 'n baba te hê, raadpleeg asseblief u dokter, apteker of ander gesondheidsorgverskaffer vir advies voordat u ZOELY neem.

Bestuur en gebruik van masjinerie
Dit is onwaarskynlik dat ZOELY u vermoë om te bestuur of masjiene te gebruik sal beïnvloed.

ZOELY bevat laktose
Indien u deur u dokter meegedeel is dat u 'n onverdraagsaamheid teenoor sommige suikers het, kontak u dokter voordat u ZOELY begin gebruik.

3. Hoe om ZOELY te neem
Moenie medisyne wat aan u voorgeskryf is, met enige ander persoon deel nie.
Neem altyd ZOELY presies soos u dokter of apteker u ingelig het. Raadpleeg u dokter of apteker indien u nie seker is nie.

Wanneer en hoe om die tablette te neem
Die ZOELY stulpstrook bevat 28 tablette: 24 wit tablette met die aktiewe bestanddele (nommer 1 tot 24) en 4 geel tablette sonder aktiewe bestanddele (nommer 25 tot 28).

Elke keer as u 'n nuwe stulpstrook van ZOELY begin, neem die nommer 1 aktiewe wit tablet in die linker boonste hoek (sien 'Begin'). Kies uit die 7 plakkers met dagaanwysers die een in die grys kolom wat met u begin-dag begin. Byvoorbeeld, indien u op 'n Woensdag begin, gebruik die dagetiketplakker wat met 'WED' begin. Plak dit op die stulpstrook, net bokant die ry aktiewe wit tablette waar dit lees ‘Place day label here’. Dit laat u toe om te bevestig of u u daaglikse tablet geneem het.

Neem elke dag 1 tablet op ongeveer dieselfde tyd, met 'n bietjie water. Volg die rigting van die pyle op die stulpstrook, so gebruik eers die aktiewe wit tablette en dan die geel plasebo tablette.

U menstruasie sal begin gedurende die 4 dae wat u die geel plasebo tablette gebruik (sogenaamde onttrekkingsbloeding). Gewoonlik sal dit 2 tot 3 dae na die laaste aktiewe wit tablet begin en dalk nie klaar wees voordat die volgende stulpstrook begin word nie.

Begin om u volgende stulpstrook onmiddellik na die laaste geel tablet te neem, selfs al is u menstruasie nie klaar nie. Dit beteken dat u altyd 'n nuwe stulpstrook op dieselfde dag van die week sal begin, en ook dat u u menstruasie op ongeveer dieselfde dae, elke maand, sal hê.

Sommige gebruikers mag nie hul menstruasie elke maand tydens die neem van die geel tablette hê nie. Indien u ZOELY elke dag volgens hierdie aanwysings geneem het, is dit onwaarskynlik dat u swanger is (sien 'Indien u een of meer menstruasies gemis het').

Om u eerste pakkie ZOELY te begin
Wanneer geen hormonale voorbehoedmiddel die afgelope maand gebruik is nie
Begin om ZOELY op die eerste dag van u siklus te neem (d.w.s. die eerste dag van u menstruele bloeding). ZOELY sal dadelik werk. U hoef nie 'n bykomende voorbehoedmetode te gebruik nie.

U kan ook begin op dae 2 tot 5 van u siklus, maar indien u dit doen, maak seker dat u ook 'n addisionele voorbehoedmetode (versperringsmetode) gebruik vir die eerste 7 dae wat u tablette neem in die eerste siklus.

Wanneer u verander van 'n ander gekombineerde hormonale voorbehoedmiddel (gekombineerde orale voorbehoedpil (GOV), vaginale ring of transdermale pleister)
U kan begin om ZOELY die dag nadat u die laaste tablet van u huidige pil se stulpstrook geneem het (dit beteken geen tabletvrye breektyd). Indien u huidige pil se stulpstrook ook onaktiewe (plasebo) tablette bevat, kan u ZOELY begin op die dag nadat u die laaste **aktiewe** tablet geneem het (indien u nie seker is watter tablet dit is nie, vra u dokter of apteker). U kan ook later begin, maar nooit later as die dag na die tabletvrye breektyd van u huidige pil nie (of die dag na die laaste onaktiewe tablet van u huidige pil).
Indien u 'n vaginale ring of transdermale pleister gebruik, is dit die beste om ZOELY te begin gebruik op die dag wat u die ring of pleister verwyder. U kan ook op die laatste begin op die dag wat u die volgende ring of pleister sou begin gebruik het.

Indien u die pil, pleister of ring konsekwent en korrek gebruik het, en indien u seker is dat u nie swanger is nie, kan u ook ophou om die pil te neem of die ring of pleister op enige dag te verwyder en dadelik ZOELY te begin gebruik.

Indien u hierdie instruksies volg, is dit nie nodig om 'n addisionele voorbehoedmetode te gebruik nie.

Wanneer u vanaf 'n progestogeen-alleen pil (minipil) verander
U kan enige dag ophou om die minipil te neem, en ZOELY die volgende dag op dieselfde tyd neem. Maar indien u omgang het, maak seker dat u ook 'n bykomende voorbehoedmetode (versperringsmetode) gebruik vir die eerste 7 dae wat u ZOELY neem.

Wanneer u oorskakel van 'n progestogeen-alleen inspuitbare middel, inplantaat- of hormoon-bevattende intra-uteriene stelsel (IUS)
Begin om ZOELY te neem op die dag dat u u volgende inspuiting moes ontvang, of op die dag waarop u inplantaat of IUS verwyder word. Maar indien u omgang het, maak seker dat u ook 'n bykomende voorbehoedmetode (versperringsmetode) gebruik vir die eerste 7 dae wat u ZOELY neem.

Nadat u 'n baba gehad het
U kan ZOELY tussen 21 en 28 dae nadat u 'n baba gehad het, begin gebruik. Indien u later as dag 28 begin, gebruik 'n addisionele voorbehoedmetode (versperringsmetode) gedurende die eerste 7 dae van gebruik van ZOELY. Indien u, nadat u 'n baba gehad het, seks gehad het voordat u met ZOELY begin het, maak seker dat u nie swanger is nie, of wag tot die volgende menstruasie. Indien u ZOELY wil begin gebruik nadat u 'n baba gehad het en borsvoed, sien 'Swangerskap en borsvoeding'.

Vra u dokter wat om te doen indien u nie seker is wanneer om ZOELY te begin gebruik nie.

Na 'n miskraam of 'n aborsie
U dokter sal u adviseer.

Indien u meer ZOELY neem as wat u moes (oordosis)
Daar is geen aanmeldings van ernstige skadelike gevolge van die neem van te veel ZOELY tablette op een slag nie. Indien u verskeie tablette op 'n slag geneem het, kan u naarheid, braking of vaginale bloeding hê. Indien u ontdek dat 'n kind ZOELY geneem het, raadpleeg u dokter vir advies.

In die geval van oordosering, raadpleeg u dokter of apteker. Indien nie een beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of gifhulpsentrum.

Indien u vergeet om ZOELY te neem
Die volgende advies verwys slegs na oorgeslaande **aktiewe wit** tablette

- Indien u **minder as 24 uur laat** is om 'n tablet te neem, word die betroubaarheid van die pil gehandhaaf. Neem die tablet sodra u onthou en neem die volgende tablet op die gewone tyd.
- Indien u **24 of meer ure laat** is met die neem van enige tablet, kan die betroubaarheid van die pil verlaag wees. Hoe meer opeenvolgende tablette u gemis het, hoe groter is die risiko dat die doeltreffendheid van die voorbehoedmiddel verlaag is. Daar is 'n besonder hoë risiko om swanger te raak indien u aktiewe **wit** tablette aan die begin of aan die einde van die stulpstrook oorslaan. Daarom moet u die reëls hieronder volg.

Dag 1 tot 7 aktiewe wit tablet inname (sien prentjie en skedule)
Neem die laaste aktiewe wit oorgeslaande tablet sodra u onthou (selfs al beteken dit om 2 tablette op dieselfde tyd te neem) en neem die volgende tablet op die gewone tyd. Gebruik egter 'n versperringsmetode soos 'n kondoom as 'n ekstra voorsorgmaatreël totdat u u tablette vir 7 dae in 'n ry korrek geneem het.

Indien u seksuele omgang gehad het in die week voordat u die tablette oorgeslaan het, is daar 'n moontlikheid om swanger te raak, of te wees. Kontak dus dadelik u dokter.

Dag 8 tot 17 aktiewe wit tablet inname (sien prentjie en skedule)
Neem die laaste oorgeslaande tablet sodra u onthou (selfs al beteken dit om 2 tablette op dieselfde tyd te neem) en neem die volgende tablet op die gewone tyd. Indien u u tablette korrek geneem het in die 7 dae voor die oorgeslaande tablet, is die beskerming teen swangerskap nie verminder nie, en u hoef nie ekstra voorsorgmaatreëls te tref nie. Indien u egter meer as 1 tablet gemis het, gebruik 'n versperringsmetode soos 'n kondoom as 'n ekstra voorsorgmaatreël totdat u u tablette vir 7 dae in 'n ry korrek geneem het.

Dag 18 tot 24 aktiewe wit tablet inname (sien prentjie en skedule)
Daar is 'n besonder hoë risiko om swanger te raak indien u aktiewe wit tablette naby die geel plasebo-tablet interval mis. Deur u innameskedule aan te pas, kan hierdie hoër risiko voorkom word.

Die volgende twee opsies kan gevolg word. U hoef nie ekstra voorsorgmaatreëls te tref nie, indien u u tablette korrek geneem het in die 7 dae voor die oorgeslaande tablet. Indien dit nie die geval is nie, moet u die eerste van hierdie twee opsies volg en 'n versperringsmetode soos 'n kondoom as 'n ekstra voorsorgmaatreël gebruik totdat u u tablette vir 7 dae in 'n ry korrek geneem het.

Opsie 1
Neem die laaste oorgeslaande tablet sodra u onthou (selfs al beteken dit om 2 tablette op dieselfde tyd te neem) en neem die volgende tablet op die gewone tyd. Begin die volgende stulpstrook sodra die aktiewe wit tablette in die huidige stulpstrook klaar is, so **slaan die geel plasebo tablette oor**. U mag nie u menstruasie hê voordat u die geel plasebo tablette aan die einde van die tweede stulpstrook neem nie, maar u kan drupbloeding (druppels of bloedvlekke) of deurbraakbloeding hê terwyl u die wit aktiewe tablette neem.

Opsie 2
Hou op om die aktiewe wit tablette te neem en begin met die geel plasebo tablette, sodat die totale aantal plasebo plus oorgeslaande aktiewe tablette nie meer as 4 is nie. Byvoorbeeld, indien u een aktiewe wit tablet oorgeslaan het, moet u vir 3 dae van die geel plasebo tablette neem; indien u 3 aktiewe wit tablette oorgeslaan het, moet u slegs 1 dag van die geel plasebo tablette neem. Aan die einde van die plasebo-tablet interval, begin die volgende stulpstrook.


Indien u nie kan onthou hoeveel aktiewe wit tablette u oorgeslaan het nie, volg die eerste opsie, gebruik 'n versperringsmetode, soos 'n kondoom as 'n ekstra voorsorgmaatreël totdat u u tablette korrek geneem het vir 7 dae in 'n ry, en kontak u dokter (aangesien u dalk nie beskerm is

teen swangerskap nie).


Indien u vergeet het om aktiewe wit tablette in 'n stulpstrook te neem, en u kry nie die verwagte maandelikse menstruasie terwyl u die geel plasebo tablette uit dieselfde stulpstrook neem nie, kan u swanger wees. Raadpleeg u dokter voordat u met die volgende stulpstrook begin.

Geel plasebo tablette oorgeslaan
Die laaste 4 geel tablette van die vierde ry is plasebo tablette wat nie aktiewe bestanddele bevat nie. Indien u vergeet het om een van hierdie tablette te neem, word die betroubaarheid van ZOELY gehandhaaf. Gooi die geel plasebo-tablet(te) wat u oorgeslaan het, weg en gaan voort om die volgende tablet op die gewone tyd te neem.

Prent



Skedule: indien u 24 of meer ure laat is om wit tablette te neem



Indien u braak of erge diarree het
Indien u binne 3 tot 4 uur ná die neem van 'n aktiewe wit tablet braak, of u het ernstige diarree, is die aktiewe bestanddele van u ZOELY tablet dalk nie heeltemal deur u liggaam geabsorbeer nie. Dit is dieselfde as om 'n aktiewe wit tablet oor te slaan. Na braking of diarree, moet u dit binne 24 uur drink as wat u gewoonlik u pil neem. Neem die volgende tablet op die gewone tyd. Indien dit nie moontlik is nie, of 24 of meer ure het verloop, moet u die advies volg wat gegee word onder 'Indien u vergeet om ZOELY te neem'. Indien u ernstige diarree het, kontak asseblief u dokter.

Die geel tablette is plasebo tablette wat nie aktiewe bestanddele bevat nie. Indien u braak of ernstige diarree het binne 3 tot 4 ure nadat u 'n geel tablet geneem het, word die betroubaarheid van ZOELY gehandhaaf.

Indien u u menstruasie wil uitstel
U kan u menstruasie vertraag deur voort te gaan met die aktiewe wit tablette in u volgende stulpstrook van ZOELY onmiddellik nadat u klaar is met die aktiewe wit tablette in u huidige stulpstrook.

U kan voortgaan met hierdie stulpstrook vir so lank as wat u wil, totdat hierdie stulpstrook leeg is. Wanneer u wil hê dat u menstruasie moet begin, stop net om die tablette te neem. Terwyl u die tweede stulpstrook gebruik, kan u 'n enkele drupbloedings (druppels of bloedvlekke) of deurbraakbloeding hê op die dae wat u ‘n aktiewe tablet neem. Begin met u volgende stulpstrook na die gewone 4-dae plasebo-tablet interval.

Indien u die begindag van u menstruasie wil verander
Indien u u tablette korrek neem, sal u menstruasie elke maand op ongeveer dieselfde dag begin. Indien u die dag wat dit begin wil verander, kan u die plasebo-tablet interval korter maak (maar nooit langer nie!).

Byvoorbeeld, indien u menstruasie gewoonlik op 'n Vrydag begin, kan u dit vanaf die volgende maand na 'n Dinsdag (3 dae vroeër) verander. Begin eenvoudig u volgende stulpstrook 3 dae vroeër as gewoonlik.

Indien u 'n plasebo-tablet interval baie kort maak (byvoorbeeld 3 dae of minder), kan u nie u menstruasie hê voordat u die geel plasebo tablette aan die einde van die tweede stulpstrook neem nie. U kan egter 'n paar drupbloedings (druppels of bloedvlekke) of deurbraakbloeding hê tydens die gebruik van die aktiewe wit tablette in die volgende stulpstrook.

Indien u onverwagte bloeding het
Vir die eerste paar maande kan u 'n bietjie deurbraakbloeding of drupbloeding tussen u menstruasies hê. U sal dalk sanitêre beskerming moet gebruik, maar hou aan om u tablette soos gewoonlik te neem. Deurbraakbloeding of drupbloeding stop gewoonlik sodra u liggaam by die pil aangepas het (gewoonlik na ongeveer 3 maande). Indien bloeding voortduur, swaar word of weer begin, kontak u dokter.

Indien u een of meer menstruasies oorgeslaan het
Kliniese studies met ZOELY het getoon dat u soms u gereelde maandelikse menstruasie na Dag 24 kan oorslaan.

- Indien u al die tablette korrek geneem het, en u het nie gebraak of ernstige diarree gehad nie, of ander medisyne gebruik nie, dan is dit baie onwaarskynlik dat u swanger is. Hou aan om ZOELY soos gewoonlik te neem. Sien 'Indien u opgooi of ernstige diarree het' of 'Ander medisyne en ZOELY'.
- Indien u **nie** al die tablette korrek geneem het nie, of indien u verwagte menstruasie twee keer in 'n ry nie gebeur nie, kan u swanger wees. Kontak u dokter dadelik. Moenie die volgende stulpstrook van ZOELY begin voordat u dokter getoets het dat u nie swanger is nie.

Indien u ZOELY wil staak
U kan ophou om ZOELY te neem enige tyd wat u wil. Indien u nie swanger wil raak nie, vra eers u dokter oor ander metodes van geboortebeperking.

Indien u ZOELY staak omdat u swanger wil raak, word u aanbeveel om te wag totdat u 'n natuurlike menstruasie gehad het voordat u probeer om swanger te raak. Dit help u om te bepaal wanneer die baba verwag kan word.

4. Moontlike newe-effekte
ZOELY kan newe-effekte hê.

Indien u enige newe-effek kry, veral as dit ernstig of aanhoudend is, of enige verandering aan u gesondheid het wat u dink te wyte kan wees aan ZOELY, raadpleeg asseblief u dokter.

'n Verhoogde risiko van bloedklonte in u are (veneuse trombo-embolus (VTE)) of bloedklonte in u slagare (arteriële trombo-embolus (ATE)) is teenwoordig vir alle vroue wat gekombineerde hormonale voorbehoedmiddels gebruik. Vir meer gedetailleerde inligting oor die verskillende risiko's van die gebruik van gekombineerde hormonale voorbehoedmiddels, sien asseblief afdeling 2, 'Wat u moet weet voordat u ZOELY neem'.

Indien enige van die volgende gebeur, staak ZOELY en lig u dokter dadelik in, of gaan na die ongevalle-afdeling by u naaste hospitaal:
- swelling van die gesig, tong en/of keel en/of sukkel om te sluk, of galbulte, tesame met moeilike asemhaling
- veluitslag of jeukerigheid
- naalde-en-spelde gevoel

Hierdie is alles baie ernstige newe-effekte. Indien u dit ervaar, het u dalk 'n ernstige allergiese reaksie op ZOELY gehad. U sal dalk dringende mediese hulp of hospitalisasie nodig hê.
Allergiese (hipersensitiewe) reaksies is by gebruikers van ZOELY aangemeld, maar die frekwensie kan nie uit die beskikbare data beraam word nie.

Die volgende newe-effekte is verbind aan die gebruik van ZOELY:
Baie algemeen (kan meer as 1 uit 10 mense beïnvloed):
- aknee
- veranderinge aan menstruasies (bv. afwesigheid van menstruasie of deurbraakbloeding of drupbloeding)

Algemeen (kan tot 1 uit 10 mense beïnvloed):
- verminderde belangstelling in seks; depressie/depressiewe bui; gemoedsverandering
- hoofpyn of migraine
- naar voel (naarheid)
- swaar menstruasies, borspyn, bekkenpyn
- gewigstoename

Ongewoon (kan tot 1 uit 100 mense beïnvloed):
- verhoogde eetlus, vloeistofretensie (edeem)
- warm gloede
- geswelde buik (maag)
- verhoogde sweet, haarverlies, jeukerigheid, droë vel, olierige vel
- ledemate voel swaar
- gereelde maar karige menstruasies, groter borste, knop in die bors, melkproduksie terwyl u nie swanger is nie, premenstruele sindroom (simptome kan borsswelling of teerheid, opgeblasenheid, krampe, lae rugpyn, depressie, prikkelbaarheid insluit), pyn tydens seks, droogheid in die vagina of vulva, spasma van die baarmoeder

- prikkelbaarheid
- verhoogde lewerensieme

Skaars (kan tot 1 uit 1 000 mense beïnvloed):
- skadelike bloedklonte in 'n aar of slagaar, byvoorbeeld:
  - in 'n been of voet (d.w.s DVT)
  - in 'n long (d.w.s LE)
  - hartaanval
  - beroerte
  - mini-beroerte of tydelike beroerte-agtige simptome bekend as 'n verbygaande iskemiese aanval (TIA)
  - bloedklonte in die lewer, maag/ingewande, niere of oog.

  Die kans om 'n bloedklont te hê kan groter wees indien u enige ander toestande het wat hierdie risiko verhoog. (Sien afdeling 2 vir meer inligting oor die toestande wat die risiko vir bloedklonte verhoog, en die simptome van 'n bloedklont.)
- verminderde eetlus
- verhoogde belangstelling in seks
- versteuring in aandag
- droë oog, kontaklens-onverdraagsaamheid
- droë mond
- goudbruin pigmentkolle, meestal in die gesig, oormatige haargroei
- vaginale reuk, ongemak in die vagina of vulva
- honger
- siekte van die galblaas

Verdere inligting oor die moontlike newe-effek veranderinge aan menstruasies (bv. afwesigheid of onreëlmatigheid) tydens die gebruik van ZOELY word beskryf in afdeling 3: 'Wanneer en hoe om die tablette te neem', 'Indien u onverwagte bloeding het' en 'Indien u een of meer menstruasies oorgeslaan het'.

Nie alle newe-effekte wat vir ZOELY aangemeld is, word in hierdie biljet ingesluit nie. Indien u algemene gesondheid verswak of indien u enige ongewenste gevolge ervaar terwyl u ZOELY neem, raadpleeg asseblief u dokter, apteker of ander gesondheidsorgverskaffer vir advies.

Indien u enige newe-effekte opmerk wat nie in hierdie biljet genoem word nie, stel asseblief u dokter of apteker in kennis.

Aanmelding van newe-effekte
Indien u newe-effekte ervaar, raadpleeg u dokter, apteker of verpleegkundige. U kan ook newe-effekte by SAHPRA aanmeld via die Med Safety Toep (Medsafety X SAHPRA) en eAanmeldingsplatform (who-umc.org) wat op SAHPRA se webwerf gevind kan word. Deur newe-effekte aan te meld, kan u help om meer inligting oor die veiligheid van ZOELY te verskaf.

5. Hoe om ZOELY te bêre
Bêre alle medisyne buite bereik van kinders.
Moenie ZOELY ná die vervaldatum wat op die kartonboksie aangedui word, gebruik nie. Die vervaldatum verwys na die laaste dag van die aangeduide maand.
Bêre teen of benede 30 °C.
Moenie tablette uit stulpstrook verwyder totdat dit benodig word vir gebruik nie.
Medisyne moet nie via afvalwater of huishoudelike water weggegooi word nie. Vra u apteker hoe om van medisyne ontslae te raak wat nie meer benodig word nie. Hierdie maatreëls sal help om die omgewing te beskerm.

6. Inhoud van die verpakking en ander inligting
Wat ZOELY bevat

- Die aktiewe bestanddele is: nomegestrolasetaat en estradiool (as hemihidraat).
  - Wit aktiewe filmbedekte tablette: Elke tablet bevat nomegestrolasetaat 2,5 mg en estradiool (as hemihidraat) 1,5 mg.
  - Geel plasebo filmbedekte tablette: Die tablet bevat nie aktiewe bestanddele nie.
- Die ander bestanddele is:
  - Tabletkern (wit aktiewe en geel plasebo filmbedekte tablette): Laktosemonohidraat (sien afdeling 2 'ZOELY bevat laktose'), mikrokristallyne sellulose (E460), kruispovidoon (E1201), talk (E553b), magnesiumstearaat (E572), kolloïdale watervrye silika.
  - Tabletbedekking (wit aktiewe filmbedekte tablette): Polivinielalkohol (E1203), titaandioksied (E171), makrogol 3350, talk (E553b).
  - Tabletbedekking (geel plasebo tablette): Polivinielalkohol (E1203), titaandioksied (E171), makrogol 3350, talk (E553b), ysteroksied geel (E172) en ysteroksied swart (E172).

Al 24 wit tablette is aktiewe tablette wat 'n klein hoeveelheid van twee verskillende vroulike hormone bevat. Dit is nomegestrolasetaat ('n progestogeen) en estradiool (die natuurlike estrogeen).

Die 4 geel tablette bevat nie hormone nie en word plasebo tablette genoem.

Voorbehoedpille soos ZOELY word 'gekombineerde voorbehoedpille' genoem.

Hoe ZOELY lyk en die inhoud van die verpakking
Die aktiewe tablette is wit tot naaswit, rond en 5,5 mm in deursnee. Hulle is aan beide kante met 'ne' gekodeer.
Die plasebo tablette is geel, rond en 5,5 mm in deursnee. Hulle is aan beide kante met 'p' gekodeer.

ZOELY tablette word verpak in ‘n PVC/aluminiumstulpstrook (deursigtige PVC-hittegevormde film met aluminium-dekselfoelie), verpak in 'n gedrukte kartonboksie. Verpak in verpakkingsgroottes van 28 tablette (24 wit aktiewe tablette en 4 geel plasebo tablette).

Houer van Sertifikaat van Registrasie
Adcock Ingram Limited
New Road 1,
Erand Gardens,
Midrand, 1685
Kliëntediens: 0860 ADCOCK / 232625

Hierdie biljet is mees onlangs hersien op
12 September 2025

Registrasienommer
45/18.8/0064

adcock ingram
IPS THX 5388 12/2025